# IN 'N BLIK

**OU TREINE STOOM WEER VOORT.** Twee stoomtreine op pad na die stasiekompleks op die landgoed Sandstone noord van Ficksburg. Te danke aan goeie reën in die gebied in Maart was die plaas 'n lushof van sonneblomme en mielies vir die honderde buitelandse besoekers wat jaarliks die Sterre van Sandstone-stoomfees bywoon. Vanjaar is 'n opedag ook vir plaaslike boesoekers gehou. Die lokomotief regs is die afgelope twee jaar uit die kloue van vandale gered. Die Xanthe, wat oorspronklik in 1915 deur die Avonside-maatskappy vir die Sezela-suikerplantasie in KwaZulu-Natal gebou is, is as wrakstukke van Krugersdorp en Randfontein met bakkies na Bloemfontein gekarwei waar dit tot sy volle glorie gerestoureer is. Dié model het sedert sy uitdienstreding in die 1960's verskeie keer van hande verwissel voor dit op die skrootwerf beland het. Ál die lokomotiewe op Sandstone word na die eienaar, mnr. Wilfred Mole, se kleinkinders vernoem. Die Sandstone-fees was van 2 tot 12 April.

FOTO: JOHAN NORVAL

